## Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 105: 1 & 5

1

Loof, loof die HEER van alle here!

Verhoog sy Naam en gee Hom ere,

en bring sover daar volke is,

sy dade in gedagtenis;

en spreek met aandag en ontsag

van al sy wonders, dag aan dag.

5

Die HEER wat van geen wankel weet nie,

sal nimmer sy verbond vergeet nie;

al sy beloftes bly van krag

tot in die duisendste geslag.

Verbond met Abraham, sy vrind,

bevestig Hy van kind tot kind.

Geloofsbelydenis

## Die Apostoliese Geloofsbelydenis

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en aarde.
2. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en die angste van die hel ondergaan het;
5. wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;
6. opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
7. waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
8. Ek glo in die Heilige Gees.
9. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die opstanding van die liggaam
12. en 'n ewige lewe.

## Verootmoediging en versoening

Eksodus 20

Antwoord op die Wet: Ps. 16: 1 & 5

1

Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou!

Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.

Daar is vir my, in wat die oog aanskou,

geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.

En wie op aarde-U ken en vrees, o HERE,

húl noem ek groot, hul is my roem en ere.

5

U sal my siel nie oorgee in die dood,

my pad buig op langs skone heuwelrye.

U sal nie toelaat dat u gunsgenoot

verderwing sien in donker doodsvalleie.

By U is ewig vreugde-en volle vrede,

en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

## Woorddiens

Gebed

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-11 83/92

**1** Van Simon Petrus, ’n dienaar en apostel van Jesus Christus.

Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het.

2Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here!

*Die Christen se roeping en verkiesing*

3Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur. 5En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, 6die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

8As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. 9Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is.

10Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. 11En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

12Om hierdie rede sal ek julle altyd aan hierdie dinge herinner, al weet julle dit en al staan julle reeds vas in die waarheid wat aan julle bekend gemaak is. 13Ek ag dit immers my plig om julle aan te spoor deur julle hieraan te herinner so lank as ek nog lewe. 14Ek weet dat my dood nie meer ver is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak. 15Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou.

Fokus: 2 Petrus 1:7 33/53 (broederliefde)

5En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die broederliefde.

Jou geestelike familie is ook belangrik vir God.

Die Griekse woord wat ons in die teks kry is, “Filadelfia”. Die fokus val op die liefde tussen medegelowiges, op die toewyding wat die Christelike gemeenskap behoort te kenmerk. Hier gebruik Petrus 'n woord wat kenmerkend is van die Christelike gemeenskap in die sin dat alle gelowiges broers en susters is. Die valse leraars betoon beslis nie sulke liefde nie (2:14), “*Hulle verlei onstandvastige mense en is bedrewe geldwolwe*”

“*As iemand sê: Ek het God lief — en sy broeder haat, is hy ‘n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet*

*liefhê.*" (1 Johannes 4:20). Liefde vir Christenbroers en susters is 'n kenmerk van ware dissipelskap. Diegene wat deelgeneem het aan die goddelike natuur, of, soos hy dit stel in 1 Petrus, die wat wedergebore is (1:23), moet hul koninklike geboorte toon in die koninklike gedrag van ander kinders van die Koning. Maar daar moet aan hierdie gawe gewerk word. Liefde vir die broers en susters in die geloof behels dat hulle mekaar se laste dra, en sodoende die wet van Christus vervul; dit beteken om die Gees-gegewe eenheid te beskerm teen vernietiging deur skinder, vooroordeel, ens.

Die broederliefde in onder die gemeentes is baie belangrik en die Nuwe Testament lê baie klem daarop op verskeie plekke. Paulus noem in Rom. 12:10 "Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld." Petrus het ook in sy eerste brief twee keer na die broederliefde verwys.

Ons almal het dieselfde Hemelse Vader en daarom is ons almal broers en susters van mekaar. Ons het dieselfde Heilige Gees wat in ons woon, en daarom geniet ons 'n eenheid onder mekaar.

Ons almal het by wyse van spreke dieselfde broer ons Here Jesus Christus. Rom. 8:29 "*Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.*" Hy is wel meer as 'n broer, want Hy is ons Leermeester. Matt. 23:8 "*Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders.*"

Broederliefde is ’n teken van jou geloof en dit is ’n teken van ’n gehoorsame gemeente. 1 Jon. 5:1, “*Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.*”

Niemand van ons het in die eerste plek die genade van God in Christus verdien nie. Hoe sal ek dan nie ’n medebroer of suster in dieselfde geestelike huisgesin nie liefhet? Elke Sondag se belydenis, as ons sê ons glo in die gemeenskap van die heiliges, dan sê ons eintlik ons smag na ’n liefdevolle eenheid onder mekaar wanneer ons bymekaarkom tydens eredienste.

Gal. 6:1 “*Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie.*”

Gal. 6:2 “*Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.*”

Gal. 6:10 “*Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.*”

## Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 103: 1 & 2

1

Hoe goed is dit - 'n huis vol lieflikhede! -

dat broeders woon in onverstoorb're vrede.

Soos salf wat kunstig toeberei,

om Arons hoof 'n sagte geur versprei,

sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek -

so sal die liefde liefde wek.

2

Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,

op Sions berg: die HEER gebied die seën,

die lewe tot in ewigheid.

Seën